## INLEIDING

Die Noordwes-Universiteit (NWU) het amptelik op 1 Januarie 2004 tot stand gekom na die samesmelting van die Universiteit van Noordwes en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die inkorporering van die Sebokengkampus van die Vista Universiteit.

Die Universiteit bestaan tans uit drie kampusse: Die Potchefstroomkampus, Vaaldriehoekkampus en Mafikengkampus. Die hoofkantoor en institusionele bestuursetel van die NWU is in Potchefstroom geleë.

Die NWU is 'n waardegedrewe instelling wat verdraagsaamheid en respek vir alle perspektiewe en geloofsisteme bevorder om sodoende 'n gepaste omgewing vir onderrig-leer, navorsing en gemeenskapsdiens te bevorder. Die waardestelsel en praktyke van die NWU sal gedryf word deur die waardes bevat in die Grondwet, in die besonder menslike waardigheid, gelykheid en vryheid. Dit sluit die bevordering van eenheid in verskeidenheid in.

## AANSOEKGELD

Die voorgeskrewe aansoekgeld, soos jaarliks deur die Raad vasgestel, is **nie terugbetaalbaar nie.** Die aansoekvorm sal slegs vir verwerking aanvaar word indien dit vergesel word van sodanige aansoekgeld (slegs tjeks of posorders uitgemaak aan Noordwes-Universiteit asseblief).

## KEURING

1. Voorlopige keuring vir alle voorgraadse aansoeke kan gedoen word op grond van Graad 11 se finale eksamenpunte (nie simbole nie) indien die aansoeker nog nie gematrikuleer het nie, of andersins aan die hand van die matrikulasiesimbole soos op die sertifikaat aangedui.

2. Die Universiteit behou die reg voor om van kandidate wat nie 'n spesifieke gemiddelde slaagsyfer behaal het nie, te vereis om 'n aanvullende keuringstoets te skryf op grond waarvan finale oorweging aan sodanige kandidaat se aansoek geskenk sal word. Nadat aansoeke vir toelating ontvang is, sal kandidate in kennis gestel word of van hulle verwag word om die keuringstoetse af te lê, asook van die datum, tyd en plek daarvan.

3. Die goedkeuring van aansoeke hang ook af van naskoolse opleiding en onderrig en/of toepaslike werksondervinding.

## UNIVERSITEITSNOMMER

Let asseblief daarop dat die toekenning van 'n universiteitsnommer nie noodwendig beteken dat u toelating ontvang het nie.

## ALLE KORRESPONDENSIE AAN:

**POTCHEFSTROOMKAMPUS**
Die Kampus-registrateur
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)
Privaatsak X6001
2520 POTCHEFSTROOM, RSA
**Voorgraads, Honneurs en Diplomas**
Tel: (018) 299-4217/2635/2642/4047
Faks: (018) 293-5280/5205

**VAALDRIEHOEKKAMPUS**
Die Kampus-registrateur
Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)
Posbus 1174
1900 VANDERBIJLPARK, RSA
Tel: (016) 910-3111
Faks: (016) 910-3171
E-pos: vaal@puk.ac.za

*** MAFIKENGKAMPUS**
Die Kampus-registrateur
Noordwes-Universiteit (Mafikengkampus)
Privaatsak X2046
2735 MMABATHO, RSA
Tel: (018) 389-2111
Faks: (018) 392-5775
E-pos: motabagis@uniwest.co.za

***** Om datavaslegging te vergemaklik, moet voornemende studente die toepaslike aansoekvorms by bogenoemde adresse aanvra.

**FUNKSIONELE TAALPLAN**

Die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) sal in samewerking met die Senaat en in lyn met alle relevante ministeriële beleide, 'n taalplan ontwikkel wat buigsaam, funksioneel en meertalig is.

Hierdie beleid sal toeganklikheid, integrasie en 'n "gevoel van tuiswees" bevorder. In lyn met hierdie taalbeleid, sal elke kampus (i.e. Potchefstroom, Vaaldriehoek en Mafikeng) 'n taalplan ontwikkel, wat die taalbehoeftes van studente en die taalwerklikheid op grondvlak in ag sal neem. Om meer inligting besoek http://www.nwu.ac.za op die Internet.

## A. ALGEMENE INLIGTING EN VOORSKRIFTE AAN VOORNEMENDE STUDENTE

**BELANGRIK**

Lees die volgende voorskrifte en inligting noukeurig deur voordat die vorm voltooi word. Onvolledige inligting kan lei tot onnodige vertragings wat betref die verwerking van u aansoek.

1. Hierdie aansoekvorm moet ingevul word deur almal wat nog nie vantevore by hierdie Universiteit geregistreer was nie, asook deur diegene wat hulle studie vir een jaar of langer onderbreek het.

2. Die volgende dokumente moet hierdie aansoek vergesel **(slegs gewaarmerkte kopieë word aanvaar)**:

   2.1. Voorgraadse aansoekers:
   - Matrikulasiesertifikaat (indien reeds gematrikuleerd) (gewaarmerkte kopieë word aanvaar);
   - Akademiese rekord en gedragsertifikaat met verwysing na studie aan 'n ander tersiêre instelling (gewaarmerkte kopieë word aanvaar);
   - Kopieë van sertifikate verwerf by ander tersiêre instansies;
   - Identiteitsdokument (gewaarmerkte kopieë word aanvaar).

   **Alle kopieë moet gewaarmerk word.**

   2.2. Nagraadse aansoekers:
   - Amptelike bewys dat vereistes vir die voorgenome studie nagekom word;
   - Akademiese rekord en gedragsertifikaat met verwysing na studie by 'n ander tersiêre instansie (gewaarmerkte kopieë word aanvaar);
   - Kopieë van sertifikate verwerf (gewaarmerkte kopieë word aanvaar);
   - Identiteitsdokument (gewaarmerkte kopieë word aanvaar).

**LW: Indien enige van die voorafgaande dokumente in die aansoeker se nooiensvan uitgereik is, moet 'n gewaarmerkte afskrif van die huweliksertifikaat hierdie aansoek vergesel.**

3. Stel die Universiteit onmiddellik in kennis indien u:
   - Besluit om nie voort te gaan met hierdie aansoek om toelating nie;
   - Van adres verander;
   - Nie binne vier weke nadat u die aansoek ingestuur het, 'n ontvangserkenning daarvan van die Universiteit ontvang nie.

4. Die Universiteit behou die reg voor om enige aansoek te weier sonder om redes vir sodanige besluit te verskaf.

5. Bevolkingsgroep
   Hoewel hierdie inligting van kardinale belang vir statistiese doeleindes is, is die beantwoording daarvan opsioneel.

**LW: Om meer inligting aangaande die voltooiing van die aansoekvorm, raadpleeg die jaarboek of inligtingsgidse.**

Beleidsdokumente, gelde betaalbaar en finansiële regulasies asook alle ander bepalings en regulasies van die Universiteit (hierna genoem die brosjures) is vir inligtingsdoeleindes beskikbaar by http://www.puk.ac.za/oorsig/index.html of by die Kantoor van die Studentedekaan, Hoffmanstraat, Gebou F, Potchefstroom. Die Universiteit se Institusionele Statuut, wat bepaalde voorwaardes ten opsigte van studente, grade en dissipline op studentvlak bevat, is vir inligtingsdoeleindes beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/gov-man/statute of by die Kantoor van die Kampus-registrateur, Joon van Rooy gebou, gebou F1Hoffmanstraat, Potchefstroom.

## A.1. Aansoek om toelating

**Universiteitsnommer:** ☐☐☐☐☐☐☐☐

Watter jaar beplan u om met u studie by hierdie Universiteit te begin? 2 0 ☐☐

Kampus **Potchefstroom** ☐

Het u al van tevore by hierdie Universiteit geregistreer? Ja ☐ Nee ☐

Indien ja, dui asseblief u universiteitsnommer aan ☐☐☐☐☐☐☐☐ Eerste jaar van registrasie (bv 1994) ☐☐☐☐

Metode van onderrig wat u sal volg (merk met 'n X) (1) Voltyds ☐ (2) Deeltyds ☐ (3)Telematies ☐ (4) Web ☐

(5) Samewerkingsooreenkoms, bv. Bybelkolleges, Cedar, ens. ☐ TL-studiesentrum bv. Secunda ☐

## A.2. Kwalifikasie

| | Kwalifikasie | Kwalifikasiekode | Kurrikulumkode |
|---|---|---|---|
| Kwalifikasie wat u wil kom volg: | Kwalifikasie bv. B.A. (Geesteswet.) | | |
| Tweede keuse: | Kwalifikasie bv. B.Com (Regte) | | |

## A.3. Biografiese besonderhede van aansoeker

Identiteitsnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Van ☐ Voorletters ☐

Geboortedatum (JJJJ/MM/DD) ☐☐☐☐☐☐☐☐ Titel bv. Mnr ☐

Voorname ☐ **Geslag** Manlik ☐ Vroulik ☐

Noemnaam ☐ Nooiensvan (getroude dames) ☐

**Huwelikstatus** Ongetroud ☐ Getroud ☐ Ander (spesifiseer asseblief) ☐

**Bevolkingsgroep** Asiër ☐ Blank ☐ Kleurling ☐ Swart ☐ **Inligting Vertroulik** ☐

Ander (spesifiseer asseblief) ☐

**Nasionaliteit** Suid-Afrikaans ☐ Ander (spesifiseer asseblief) ☐

Die volgende inligting moet slegs ingevul word waar toepaslik:

WERKGEWER: ☐

BEROEP EN POSISIE WAT U BEKLEE: ☐

**Kerkverband** (dui aan) ☐

Maak u van 'n rolstoel gebruik? Ja ☐ Nee ☐

**Ly u aan enige van die volgende?** (Stawende bewyse van u gestremdheid moet u aansoek vergesel)

Blindheid ☐ Doofheid ☐ Serebrale verlamming ☐ Spraakdefek ☐ Ander (spesifiseer asseblief) ☐

**Aanmeldbare Siektes** Tuberkulose (TB) ☐ Bakteriese Meningitis ☐

Huistaal: Afrikaans ☐ Engels ☐ Ander (spesifiseer asseblief) ☐

Korrespondensietaal: Afrikaans ☐ Engels ☐

**Indien nie-Suid-Afrikaans, verskaf asseblief die volgende** (merk die toepaslike blok) (Nie van toepassing op TL studente nie)

Studiepermit ☐ Verblyfpermit ☐ Ander (Spesifiseer asseblief) ____________

Permitnommer ____________ Permit se vervaldatum (JJJJ/MM/DD) ____________

Paspoortnommer ____________ Paspoort se vervaldatum (JJJJ/MM/DD) ____________

## B. Kontakbesonderhede

Voorkeur wat betref kommunikasiekanaal Pos ☐ E-pos ☐ Faks ☐

Het u toegang tot CD-ROM fasiliteit? Ja ☐ Nee ☐

Huisadres ____________

____________ Poskode ____________

Posadres (Vul slegs in indien dit verskil van huisadres) ____________

____________ Poskode ____________

Aan wie moet die rekening gestuur word? Vader ☐ Moeder ☐ Voog ☐ Aansoeker self ☐ Ander ☐

Adres waarheen rekening gestuur moet word: Huisadres ☐ Posadres ☐ Ander ☐

Indien "ander", vul die betrokke adres hieronder in.

____________

____________ Poskode ____________

Adres waarheen studiemateriaal gestuur moet word: (slegs TL studente) Huisadres ☐ Posadres ☐

Selfoonnommer ____________

Huis Telefoonnommer Gebiedskode ______ Nommer ____________ Uitbreiding ______

Werk Telefoonnommer Gebiedskode ______ Nommer ____________

Faksnommer Gebiedskode ______ Nommer ____________

E-posadres ____________ Internetadres, indien enige ____________

## C. Voorlopige verslag van voornemende student

Naam van skool ____________

Adres van skool ____________

Telefoonnommer van skool Gebiedskode ______ Nommer ____________

Matrikulasiejaar ______ Matriekeksamennommer ____________

**Eksamineringsowerheid**: (merk asb. met 'n kruis)

| | |
|---|---|
| | Departement van Onderwys (Noordwes) |
| | Departement van Onderwys (Mpumalanga) |
| | Departement van Onderwys (Gauteng) |
| | Departement van Onderwys (Vrystaat) |
| | Ander |

Tipe vrystelling: (slegs indien reeds matriek afgelê)

| | |
|---|---|
| | Algehele vrystelling |
| | Voorwaardelike vrystelling op grond van ouderdom |
| | Senior sertifikaat sonder vrystelling |
| | Ander (spesifiseer) |

## D. Naskoolse aktiwiteite

Hoofbetrokkenheid in die jaar voor aanvang van beoogde studie by die NWU:

Skool ☐ Universiteit ☐ Tegniese Instituut ☐ Ander (spesifiseer) ☐

Werk ☐ Technikon ☐ Onderwyskolleges ☐

Sal hierdie u ☐ Eerste ☐ Tweede of verdere registrasie aan 'n tersiêre instelling wees?

Het u enige eksamen op tersiêre vlak afgelê? ☐ Ja ☐ Nee

Voltooi in volgorde (begin met die mees onlangse) alle tersiêre akademiese werk, insluitende onvolledige kwalifikasies (verpligtend vir evalueringsdoeleindes)

| **Tydperk** | | **Naam van universiteit/ kollege/technikon, ens.** | **Naam van graad/ diploma/sertifikaat** | **Studie voltooi** | | **Universiteits-/ Studenteno.** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Van Jaar/Maand | Tot Jaar/Maand | | | Ja | Nee | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

## E. Loopbaanrekord/Indiensnemingsrekord/Werksgeskiedenis

Dui asseblief die mees onlangse poste wat u beklee het aan, deur te begin met die pos waarin u tans werksaam is

| **Tydperk** | | **Beroep** | **Werkgewer** |
|---|---|---|---|
| Van Jaar/Maand | Tot Jaar/Maand | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

SA Verpleegkundige Raad-verwysingsnommer (verpleegkunde-aansoekers alleenlik)

## F. Deelname aan sport, kulturele bedrywighede en prestasies

**F.1 Sportprestasies** (dui u belangstelling aan met n X. Indien u egter die volgende kleure/onderskeidings ontvang het, vervang die X met die toepaslike kode: D = Deelname, S = Skoolkleure, P = Provinsialekleure, I = Internasionale kleure, K = Klubkleure N = Nasionale kleure)

| X | **Sportsoort** | **Jaar** | **Spanposisie** | **Leiersposisie** bv. kaptein | **Topprestasie** bv. tyd, afstand, ander | **Afrigter:** titel,voorletters, van en telefoonnommer |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Atletiek | | | | | |
| | Rugby | | | | | |
| | Hokkie | | | | | |
| | Krieket | | | | | |
| | Netbal | | | | | |
| | Tennis | | | | | |
| | Ander | | | | | |

**F.2 Prestasie in kulturele en akademiese verenigings** (bv. Olimpiades)

| Kulturele/Akademiese **vereniging** | **Prestasie** NASIONALE VLAK | **Prestasie** PROVINSIALE/STREEKSVLAK | **Prestasie** SKOOLVLAK | **Deelname** SKOOLVLAK |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

## F.3 Leierskapprestasies (merk met 'n kruis waar toepaslik)

Was u broer(s) of suster(s) voorheen by die NWU ingeskryf Ja ☐ Nee ☐ In watter koshuis ☐

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lid van die bestuur van 'n kulturele of akademiese vereniging | ☐ | | |
| Koshuishoofseun/-onderhoofseun/-hoofmeisie/-onderhoofmeisie | ☐ | Hoofseun/-meisie Kultuur | ☐ |
| Lid van Leerlingraad | ☐ | Onderhoofseun/-meisie Kultuur | ☐ |
| Kaptein van 'n eerste sportspan | ☐ | Hoofseun/-meisie Sport | ☐ |
| Kaptein van 'n ander sportspan | ☐ | Onderhoofseun/-meisie Sport | ☐ |
| Voorsitter van 'n kulturele of akademiese vereniging | ☐ | Hoofseun/-meisie van die Leerlingraad | ☐ |

## G. Besonderhede van aansoek om losies

NOTA: Geen koshuisplasing sal oorweeg word alvorens die losiesdeposito betaal is nie.

Vul asb. slegs in indien u koshuisverblyf verlang, merk u keuse in volgorde van 1, 2, 3
**(Koshuistoelating en -plasing onderhewig aan keuringsbeleid)**

**DAMES**
**Potchefstroom**

Heide ☐ Karlien ☐ Kasteel ☐ Klawerhof ☐ Oosterhof ☐ Vergeet-my-nie ☐
Wag-'n-bietjie ☐ Wanda ☐ Eikenhof ☐ Huis Republiek ☐ Minjonet ☐

**MANS**
**Potchefstroom**

Over de Voor ☐ Patria ☐ Caput ☐ Veritas ☐ Hombré ☐
Excelsior ☐ De Wilgers ☐ Ratau Leboné ☐ Laureus ☐

**U AANDAG WORD OP DIE VOLGENDE GEVESTIG**

1. 'n Deposito, soos jaarliks deur die Raad goedgekeur, moet hierdie aansoek om koshuistoelating vergesel ten einde 'n plasing moontlik te maak. Koshuistoelating en -plasing is onderhewig aan 'n keuringsbeleid.
2. Die Universiteit sal so ver moontlik probeer om studente in die koshuis van hulle keuse te plaas. **Geen waarborge in hierdie verband kan egter gebied word nie**.
3. Die Universiteit verkies dat studente in koshuise bly sodat hulle gehelp kan word om ten volle op alle vlakke te ontwikkel.
4. In die koshuise is vasgestelde studietye waar 'n akademiese atmosfeer gehandhaaf word.
5. Daar is 'n inwonende opsigter/huisvader, 'n matrone asook 'n huiskomitee om na die versorging en veiligheid van koshuisinwoners om te sien en sodoende orde en dissipline in die koshuise te handhaaf.
6. Die koshuise is binne stapafstand van lesinglokale.
7. Volledige inligting oor koshuisreëls is vervat in die Reëls vir Inwoners van Kampuskoshuise en Dorpswonings en is op versoek verkrygbaar van die Studentedekaan. 'n Amptelike universiteitspublikasie getiteld "Gelde betaalbaar en finansiële reglement" sit die finansiële verpligtinge en reëls uiteen. Dit word in November aan aansoekers gepos. Indien u dit nie deur die pos ontvang nie, kan u dit aanvra vanaf die Universiteit se Departement Finansies.
8. Die Universiteit het 'n gerekenariseerde sisteem waarvolgens studente hulle maaltye kan neem om by hulle begrotings te pas. Rekeninge word maandeliks gelewer en is binne 30 dae betaalbaar.
9. Buiten die eerste betaling vir verblyfkoste wat tydens registrasie gemaak word, is die res van die verblyfkoste betaalbaar in vyf (5) verdere maandelikse paaiemente (vanaf 31 Maart tot 31 Julie) en dit moet binne 30 dae vanaf lewering van die rekening betaal word.
10. Besonderhede oor die betrokke koshuis se kleredragkode sal aan aansoekers gestuur word na afloop van finale plasing in November.
11. Studente wat ouer as 25 is, word nie in Universiteitskoshuise geplaas nie.
12. Die Universiteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir die diefstal of beskadiging van studente se eiendom nie.
13. Ek/ons neem kennis dat die Universiteit 'n kredietverlener is in terme van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 en dat enige finansiële reëling tussen die Universiteit en my/die student wat op 'n krediettransaksie neerkom soos in hierdie Wet bedoel, in 'n formele ooreenkoms vervat moet word wat aan die tersaaklike statutêre bepalings voldoen. Ek gee hiermee die Universiteit die reg om enige navrae te doen of te laat doen wat die Universiteit nodig ag ten einde my/die student se kredietaansoek te evalueer. Indien krediet toegestaan word, sal ek/die student verplig wees om die vereiste kredietooreenkoms met die Universiteit aan te gaan en alle dokumente in verband daarmee te onderteken.

**EK VERLEEN HIERMEE TOESTEMMING DAT MY KIND IN DIE KOSHUIS MAG INWOON EN EK VEREENSELWIG MY MET DIE INHOUD VAN HIERDIE AANSOEKVORM.**

| | |
|---|---|
| HANDTEKENING VAN OUER/VOOG/BORG/ PERSOON VERANTWOORDELIK VIR REKENING (Indien student minderjarig) | HANDTEKENING VAN STUDENT |
| NAAM EN VAN - in drukskrif asseblief | NAAM EN VAN - in drukskrif asseblief |
| Identiteitsnommer | Identiteitsnommer |

## H. Verwantskappe

**VADER SE BESONDERHEDE** Van ______ ID

Voorletters ______ Geboortedatum (JJJJ/MM/DD) ______ Titel ______

Nasionaliteit: Suid-Afrikaans ☐ Ander (spesifiseer) ______

Beroep: ______ Werkgewer ______

Is u vader 'n oudstudent? Ja ☐ Nee ☐ Is u vader 'n donateur? ☐ Ja ☐ Nee

Indien bekend, vader se universiteitsnommer ______

Huisadres ______

______ Poskode ______

Posadres (Vul slegs in indien dit verskil van huisadres) ______

______ Poskode ______

Werskadres ______

______ Poskode ______

E-posadres ______ Selfoonnommer ______

Huistel.nr. Gebiedskode ______ Nommer ______ Kode ______

Werkstel.nr. Gebiedskode ______ Nommer ______ Kode ______ Faksnr. ______

**MOEDER SE BESONDERHEDE** Is u moeder 'n oud PUK student? Ja ☐ Nee ☐ Is u moeder 'n donateur? Ja ☐ Nee ☐

Indien bekend, moeder se universiteitsnommer ______

Moeder se getroude van ______ ID ______

Moeder se nooiensvan ______

Moeder se voorletters ______ Titel ______ Geboortedatum (JJJJ/MM/DD) ______

Nasionaliteit: Suid-Afrikaans ☐ Ander (spesifiseer) ______

Beroep ______ Werkgewer ______

Huisadres ______

______ Poskode ______

Posadres ______

______ Poskode ______

Werksadres ______

______ Poskode ______

E-posadres ______ Selfoonnommer ______

Huistel.nr. Gebiedskode ______ Nommer ______ Faksno. ______

Werkstel.nr. Gebiedskode ______ Nommer ______

**VOOG/VRIEND/NAASBESTAANDE SE BESONDERHEDE**

Verwantskap ____ ID ____

Van ____ Voorletters ____ Geboortedatum (JJJJ/MM/DD) ____

Nasionaliteit: Suid-Afrikaans ☐ Ander (spesifiseer) ____

Titel ____ Nooiensvan (Getroude dames) ____

Beroep ____ Werkgewer ____

Is u voog 'n oudstudent? ☐ Ja ☐ Nee Is u voog 'n donateur? ☐ Ja ☐ Nee

Indien bekend, universiteitsnommer van voog ____

Huisadres ____

____ Poskode ____

Posadres ____

____ Poskode ____

Werksadres ____

____ Poskode ____

E-posadres ____ Selfoonnommer ____

Huistelefoonnr. Gebiedskode ____ Nommer ____

Werkstelefoonnr. Gebiedskode ____ Nommer ____

Faksnommer Gebiedskode ____ Nommer ____

## DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE

### I. Aansoek om Universiteitskaart

Alle studente word van universiteitsidentiteitskaarte voorsien ten einde toegang te verkry tot die biblioteek, die gebruik van ander fasiliteite en vir identifikasiedoeleindes tydens sekere klasse, eksamens en op die rekenaarnetwerk. Hierdie kaart word uitgemaak op grond van die besonderhede hieronder verskaf, sodat die kaart aan u uitgereik kan word na afloop van registrasie. Die kaart bly die Universiteit se eiendom en moet teruggegee word indien u u studie sou opskort.

* Twee ID-foto's van uself moet die eerste aansoek om toelating vergesel (voorgraads en nagraads).
* Hierdie foto's word vir administratiewe doeleindes vereis, asook om ons in staat te stel om 'n universiteitsidentiteitskaart aan u uit te reik na afloop van registrasie.
* Verskaf asseblief u voorletters, van, geboortedatum en handtekening op die agterkant van die foto's.
* U word vriendelik versoek om die ID-foto's binne die klein raampies hieronder vas te **plak**.

Voorletters ______________________

Van ______________________

Universiteitsnommer [ | | | | | | | ]

Hierdie foto's bly die NWU se eiendom.

## DEPARTEMENT BESKERMINGSDIENSTE

### I. Aansoek om Universiteitskaart

Alle studente word van universiteitsidentiteitskaarte voorsien ten einde toegang te verkry tot die biblioteek, die gebruik van ander fasiliteite en vir identifikasiedoeleindes tydens sekere klasse, eksamens en op die rekenaarnetwerk. Hierdie kaart word uitgemaak op grond van die besonderhede hieronder verskaf, sodat die kaart aan u uitgereik kan word na afloop van registrasie. Die kaart bly die Universiteit se eiendom en moet teruggegee word indien u u studie sou opskort.

* Twee ID-foto's van uself moet die eerste aansoek om toelating vergesel (voorgraads en nagraads).
* Hierdie foto's word vir administratiewe doeleindes vereis, asook om ons in staat te stel om 'n universiteitsidentiteitskaart aan u uit te reik na afloop van registrasie.
* Verskaf asseblief u voorletters, van, geboortedatum en handtekening op die agterkant van die foto's.
* U word vriendelik versoek om die ID-foto's binne die klein raampies hieronder vas te **plak**.

Voorletters ______________________

Van ______________________

Universiteitsnommer [ | | | | | | | ]

Hierdie foto's bly die NWU se eiendom.

## J. Onderneming deur die student. Indien die student minderjarig is benodig ons ook die handtekeninge van die ouer of voog

1. Ek verklaar dat ek/my seun/dogter (hierna genoem die student) die vorm volledig voltooi het en dat alle besonderhede wat verskaf is, waar en korrek is.
2. Ek sou graag dat my seun/dogter in een van die Universiteitskoshuise as 'n inwonende student geplaas word. Indien ek/die student tydens my/die student se verblyf in die koshuis dringende mediese behandeling benodig, magtig ek die huisvader of sy plaasvervanger om 'n praktiserende mediese dokter of psigiater in te roep. Indien 'n noodoperasie of ander behandeling vereis word, magtig ek die huisvader of sy plaasvervanger om die vereiste skriftelike toestemming namens my/die student te verskaf (nie van toepassing op afstandsonderrig nie).
3. Ek/ons, die ondergetekende, sal verantwoordelik wees vir die stiptelike betaling van alle en enige gelde betaalbaar aan die NWU in gevolge my/die student se inskrywing en/of verbintenis met die NWU, nou en in die toekoms, meer volledig uiteengesit in die amptelike Universiteitsbrosjures soos deur die Universiteitsraad vasgestel en gewysig van tyd tot tyd. Die inhoud van hierdie brosjures vorm die grondslag van die finansiële ooreenkoms tussen die Universiteit en my/ons en word beskou as algeheel ingesluit binne hierdie ooreenkoms. Ek sal voortaan elke depositostrokie wat deur of namens die student uitgemaak is met betrekking tot gelde wat in die Universiteit se bankrekening inbetaal is, aan die Universiteit faks om dit moontlik te maak vir die Universiteit om die student se persoonlike studierekening by die Universiteit te krediteer.
4. Ek verleen toestemming dat 'n studenteidentiteitskaart aan my/die student uitgereik word en ek aanvaar verantwoordelikheid vir alle finansiële en ander transaksies wat onderhandel en aangegaan word by wyse van sodanige kaart. Ek verbind my/die student tot die voorgeskrewe reëls wat geld betreffende verlore kaarte (die tersaaklike reëls word verskaf wanneer die kaart uitgereik word en is beskikbaar vir inligtingsdoeleindes by die Kantoor van die Studentedekaan, tesame met die toepaslike brosjure). Universiteitskaarte word aan alle studente uitgereik en is onder andere noodsaaklik vir die gebruik van sport- en biblioteekfasiliteite, eetsale, restaurante en vir persoonlike identifikasie in sommige klasse, by eksamenlokale en op die rekenaarnetwerk. Hierdie kaart word uitgemaak op grond van die besonderhede wat deur en namens die student verskaf is, sodat die kaart aan die student uitgereik kan word na afloop van registrasie. Daar word onder andere van die student verwag om die kaart sigbaar op sy/haar persoon te dra en om dit soos 'n debietkaart te hanteer. Die kaart bly die Universiteit se eiendom en moet ingehandig word wanneer die student sy/haar studie beëindig. Verlore kaarte moet onmiddellik by die Universiteit se Departement Beskermingsdienste gekanselleer word.
5. Ek verleen toestemming dat 'n rekenaargebruikersnaam aan my/die student toegeken word. Ek besef dat die student persoonlik verantwoordelik is vir sekuriteit betreffende die wagwoord. Ek/die student verbind my/hom/haar tot die bepalings vir die gebruik van die Universiteit se rekenaarfasiliteite, soos vervat in die toepaslike beleidsdokumente en brosjures, en aanvaar verantwoordelikheid vir alle transaksies wat op my gebruikersnaam uitgevoer word, insluitende elektroniese pos en Internettoegang.
6. Ek begryp dat die Universiteit te eniger tyd geregtig is om my/die student se registrasie te kanselleer indien dit sou blyk dat die inligting wat op hierdie vorm verskaf is, onwaar of onjuis is.
7. Indien die Universiteit, wanneer ek/die student versuim om betalings op voorafgestelde betaaldagdatums te maak, volgens die Universiteit se eie goeddunke enige geldelike bedrag vir invordering aan prokureurs oorhandig, onderneem ek om alle koste van watter aard ook al wat uitstaande en betaalbaar is, ingesluit opsporingsgelde, advokaatsgelde en enige uitgawes van watter aard ook al gebaseer op 'n prokureur en eie kliënteskaal, te betaal. Enige gelde wat deur my/die student betaalbaar is, sal eers verreken word teen die voorafgaande koste, daarna teen rente en slegs dan teen die kapitaalbedrag. 'n Skuldinvorderingsbeslagleggingsbevel mag ook onmiddellik teen my/ons werkgewer uitgereik word om op my/ons salaris of lone beslag te lê ten einde die uitstaande bedrag in die geheel of in paaiemente in te vorder.
8. Ek/ons neem kennis dat die Universiteit 'n kredietverlener is in terme van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 en dat enige finansiële reëling tussen die Universiteit en my/die student wat op 'n kredriettransaksie neerkom soos in hierdie Wet bedoel, in 'n formele ooreenkoms vervat moet word wat aan die tersaaklike statutêre bepalings voldoen. Ek gee hiermee die Universiteit die reg om enige navrae te doen of te laat doen wat die Universiteit nodig ag ten einde my/die student se kredietaansoek te evalueer. Indien krediet toegestaan word, sal ek/die student verplig wees om die vereiste kredietooreenkoms met die Universiteit aan te gaan en alle dokumente in verband daarmee te onderteken.
9. Ek begryp dat hierdie onderneming, soos deur my onderteken spesifiek verwys na my/die student se aansoek om toelating tot die Universiteit en/of aansoek om voortgesette studies aan die Universiteit.
10. Ek verbind my hiermee afsonderlik en gesamentlik en *in solidum* saam met die student om al die voorwaardes hierin vervat na behore na te kom.
11. Hierdie voorwaardes is geldig en van krag vir die volle duur van my/die student se inskrywing as student by die Universiteit en daarna totdat alle verpligtinge ingevolge daarvan nagekom is.
12. Ek het my vergewis van en onderwerp my aan alle reëls en regulasies soos vervat in die brosjures en in die Universiteit se Institusionele Statuut wat deel van hierdie ooreenkoms uitmaak en/of soos dit van tyd tot tyd aangepas mag word.
13. Potchefstroom word beskou as die plek waar hierdie ooreenkoms ontstaan het, ongeag waar dit onderteken word.
14. Ek onderneem hiermee om aan die Universiteit enige intellektuele eiendomsregte oor te dra wat uit die duur en omvang van my/die student se studie en navorsing by die Universiteit mag voortspruit, deur die vereiste dokumente te onderteken. Ek verstaan dat die Universiteit, in geval van enige kommersiële gewin daaruit, my sal vergoed ingevolge van dieselfde beleid wat geld vir Universiteitspersoneel.
15. Ek begryp dat die Universiteit alle redelike stappe sal doen om te verhoed dat ek/die student beseer of benadeel word weens enige besering of skade, ongeag of dit deur die nalatigheid van die Universiteit of enige van sy personeellede, of 'n mede-student veroorsaak is al dan nie en onderneem om geen eis teen die Universiteit ingevolge van sodanige besering of skade in te stel nie. Ek onderneem verder om die Universiteit te vrywaar indien die Universiteit enige aanspreeklikheid opdoen as gevolg van enige nalatigheid of versuim deur my/die student.
16. Ek/die student, my/sy/haar afhanklikes, eksekuteure, administrateure en/of oordraggewers verbeur hiermee en vrywaar die Universiteit teen enige eis of skade van welke aard ook al wat mag ontstaan op of buite die kampusse van die Universiteit tydens my/die student se studietydperk aan die Universiteit.

Geteken op hierdie ______ dag van ______

HANDTEKENING VAN STUDENT

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG/BORG/
PERSOON VERANTWOORDELIK VIR REKENING

(Indien student minderjarig)

NAAM EN VAN — in drukskrif asseblief

Identiteitsnommer

NAAM EN VAN — in drukskrif asseblief

Identiteitsnommer

**K. INLIGTING VAN WERWER (slegs van toepassing op verpleegkunde: TL)**

Van ______ Voorletters ______

NWU-personeelnommer (indien van toepassing) ______

Posadres ______

______ Poskode ______

Tel: Gebiedskode ______ Nommer ______ Selfoonnommer ______

Faks: Gebiedskode ______ Nommer ______ E-posadres ______

Naam van rekening ______ Bank ______

Takkode ______ Rekeningnommer ______

Datum: (JJJJ/MM/DD) 2 0 ______

Ek bevestig dat betaling sal geskied sodra die aansoeker geregistreer het vir die betrokke program.

Handtekening

**Slegs vir amptelike gebruik:** Universiteitsnommer ______

Van ______ en voorletters ______ van voornemende student.

## L. SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK

### L.1. AANBEVELING DEUR DIE FAKULTEIT/KEURINGSKOMITEE

Aansoek goedgekeur ☐ Aansoek afgekeur ☐ Jaarvlak waarvoor toegelaat word ☐

Ander aanbevelings ______

______

______

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER/VOORSITTER: ______ DATUM (JJJJ/MM/DD) 2 0 ______

### L.2. AANBEVELING DEUR DIE SKOOLDIREKTEUR (slegs van toepassing op nagraadse aansoeke)

Aansoek goedgekeur ☐ Aansoek afgekeur ☐

Ander aanbevelings ______

______

______

**SLEGS VIR KANTOOR GEBRUIK** | **TB** | **P** |

**JAAR: 20..........**

Universiteitsnommer: __________ Kwalifikasie: __________

Titel: ________ Voorletters: ________ Van: ________

| | | | Joernaalinskrywing | | | | Beurs |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aansoekgeld | (6500-5345) | R | T | K | P | J | B |
| Keuringsgeld | (5690-5670) | | | | | | |
| | B.Pharm | R | T | K | P | J | B |
| | Beplanning | R | T | K | P | J | B |
| | B.Cur | R | T | K | P | J | B |
| | *B.Sc (Dieet) | R | T | K | P | J | B |
| | *BA(M/W) | R | T | K | P | J | B |
| Keuringsgeld | (0028-5670) *BA(M/W) | R | T | K | P | J | B |
| Keuringsgeld | (0072-5227) *B.Sc(Dieetk) | R | T | K | P | J | B |
| Keuringsgeld | (5690-5670) Teologie | R | T | K | P | J | B |
| Keuringsgeld | Bedryfsielkunde | R | T | K | P | J | B |
| Klasgeld: | | R | T | K | P | J | B |
| Registrasiegeld: | | R | T | K | P | J | B |
| Losiesdeposito: | | R | T | K | P | J | B |
| Ouderdomsvrystellings/Naskools | | R | T | K | P | J | B |
| Jaarlikse bedrag betaalbaar deur MBA, PH.D(EW) PBS - studente | | R | | | | | |
| Eenmaalige addisionele bedrag betaalbaar deur LL.M. (Boedelreg)(Publiekreg)(In- en uitvoerreg) en (Arbeidsreg) studente | | R | | | | | |
| | TOTAAL | R | | | | | |

Kwitansienommer: ________ Datum: ________ Handtekening ________

| | |
|---|---|
| GELDE ONTVANG | |
| AANSOEKGELD | |
| LOSIESDEPOSITO | |

Datum waarop aansoek verwerk is:

(JJJJ/MM/DD) | | | | | | | | |

Handtekening ________